

21 Maart

Skrifgedeelte: Markus 8:1-26 (OAV)

Geestelike stiksienigheid

Slegs Markus vermeld hierdie genesingswonder van die blinde man in Betsaida. Verskillende eienaardige gebeure maak die genesing opvallend. Jesus genees hom nie deur 'n aanraking soos die skare versoek nie, maar lei hom uit die dorp uit. Nadat Hy in sy oë gespuug het kan hy gedeeltelik sien – eers daarna volg die volkome genesing. Die beskrywing van die man dat hy mense sien maar dat hulle soos bome rondloop, maak die boodskap duidelik. Die Fariseërs was net soos Herodus geestelik blind. By die dissipels het geestelike insig al begin deurbreek, maar ook hulle sien nog nie helder en duidelik nie. Daarom begryp hulle nie Jesus se waarskuwing teen die suurdeeg van die Fariseërs en van Herodes as 'n waarskuwing om nie te min te dink van Sy mag nie.

Ons eie stiksienigheid, soos om te twyfel aan die sorg van die Here en ons onsekerheid oor waarheen die Here met ons op weg is, asook ons gebrek aan lewensvreugde, is ook tekens van gebrek aan volle insig. Genadiglik laat Jesus die man nie in sy half-blinde toestand nie. Hy erken dat sy sig nog vaag is en stel so sy vertrou op Jesus. En Jesus laat niemand wat op Hom in nood vertrou in die steek nie. Die man se visie word skerp en helder gemaak.

Moet daarom nie te haastig wees en sê jy kan sien as jou geestelike insig nog dof is nie. Waak ook om nie moedeloos te raak omdat jou insig in geestelike dinge steeds dof bly nie. Wees eerlik oor jou gebrek aan insig. Bely dit in biddende afhanklikheid, want Hy het juis gekom om ons visie op Hom en sy almagswerk skerp te fokus.

Sing: Skrifberyming 44:3,4,5

Ds BC Smit (Brits-Wes)